# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 1

**Benodighede**: Skoenbokse met God haat alle sondes op aan een kant en Jesus maak ons vry aan ander kant, sleutels met teksverse oor vergifnis, penne

**Doel van les:** Sonde "boks ons in", maar Jesus maak ons vry.

**Les (5 min):**

- Daar was eendag twee seuns. Die een se naam is Jakobus. Hy is 'n wille ou. Hy hang uit met 'n klomp wille ouens. Hy was al baie in die moeilikheid. Hy is bekommerd dat God hom nie sal vergewe oor al die slegte dinge wat hy al gedoen het nie.

  Ryno gaan gereeld kerk toe en kry goeie punte op skool. Hy pas sy klein sussie op wanneer sy ma en pa hom vra. Hy dink hy is 'n goeie Christen, maar is nie seker of God hom sal vergewe vir die klein wit leuentjies wat hy soms vertel nie.

  As jy vandag met Jakobus en Ryno met daardie twyfel sit, wil ons in hierdie gebedsessie jou leer wat om te doen om op te hou twyfel.

  Haal boks uit met God haat alle sonde. Sonde "boks ons in" en keer dat ons die lewe lei wat God vir ons bedoel. God haat alle sonde. Daar is nie klein of groot sondes nie. Die goeie nuus is deur Jesus se bloed word ons vergewe as ons opreg gaan jammer sê.

- **Tyd vir stil gebed (5 min)**: Gee vir elke kind 'n papier sleutel met teksvers oor vergifnis. Lees die teksvers op die sleutel en dan kan jy jou naam aan die ander kant skryf. Nou kry jy tyd om enige sondes te bely. Dis tussen jou en God en jy hoef dit met niemand te deel nie.

**Afsluiting (5 min):** Draai die boks nou om dat dit wys Jesus maak vry. Nou kan die kinders op staan en die sleutels met hul name op in die boks gooi en weet dat God hulle vergewe. Deel metaal sleutel uit as reminder dat Jesus vergewe en om dankbaar te wees vir Sy vergifnis.

- 1 Johannes 1:9
- Efesiers 1:7
- Romeine 6:23